# LENIE SE LEWENSLEGKAART - OPSOMMING

GESKRYF DEUR JOLANI DU PREEZ - @verHOOG PRODUKSIES

Hier volg die storie van Lenie se Lewenslegkaart.

Die Oupa vertel vir sy kleinkinders die storie. Dit is vir Oupa 'n baie spesiale storie wat hy nie uit 'n boek gaan lees nie, maar uit sy hart uit vertel. Die storie gaan oor Lenie wat SO graag iewers wou inpas. Sy wou SO graag 'n "image" hê.

Lenie, en haar beste maatjie, die bure se seuntjie klein Andries, besluit toe om vir haar daai "image" tussen al haar boeke te soek.

Lenie kon nie in Gouelokkies pas nie, want haar hare is nie goud nie. Die Gemmerbroodmannetjies het ook nie vir haar 'n plekkie gehad nie, want haar stadige spoed is vir hulle 'n probleem!

Die BARBIE's was vir Lenie baie mooi, maar daar was te veel wat sy moes opoffer om by hulle in te pas! Trompie en die Boksombende het gesê hulle bende is net vir seuns, en as daar dalk 'n opvolg boek verskyn "Trompie kry sy trouvrou" kan hulle haar dalk eendag daarin akkommodeer.

Lenie en klein Andries was al moedeloos gesoek, maar steeds wou Lenie nie opgee nie! Sy wou daai "image" kry!!!!

Die 7 dwergies kon skaars “cope” met 1 vrou in die huis - die gedagte aan nog een het nie vir hulle gewerk nie.

Naderhand het hulle oorbeweeg na die tydskrif en in die Huisgenoot op die "Cool kids" afgekom en Lenie was seker sy sou daar inpas, maar gou besef sy't nie 'n Twitter of Instagram “account” nie.

Die rooihennetjies was steeds vies omdat niemand hulle wou help om 'n broodjie te bak nie, so hulle was nie bereid om hul klaargebakte broodjie met die nuweling te deel nie.

Haar laaste hoop was op die Seerowers, want al is hulle effens stout het hulle harte van goud. By hulle was sy welkom, maar sy besef gou geen kanse word gevat om hulle te laat bad! Lenie was jammer vir die gawe menere, maar sy is hopeloos te lief vir lekker geure....



Kopiereg voorbehou

Die lelike eendjies en die swaan het vir Lenie en Andries laat besef waar die spreekwoord "Don't judge a book by it's cover" vandaan kom. Die eendjies het haar bemoedig dat mens nie moet toelaat dat ander se persepsies jou definieer nie. Die eendjies het vir Lenie gevra waarom sy in hulle storie wil pas as sy in haar eie storie kan wees. Daardie storie wat God oor haar geskryf het. Die storie waarin sy die hoofkarakter en God die skrywer is, dís die storie waarin jy die beste sal pas.

Andries het vir Lenie gesê hy dink sy soek in die verkeerde boek. Sy wil die verkeerde stories glo. Hy het die Bybel vir haar aangegee en gevra sy moet die stories glo wat dié Boek oor haar sê.

Lenie het Psalm 139 gelees: "U het my gesien toe ek nog ongebore was, al my dae was in U boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is".......

Van daardie dag af het Lenie nooit weer gewonder waar sy moet inpas nie, want sy het geweet God het haar gemaak om uit te staan.

Lenie is later met Andries getroud en vir hom was sy die perfekte Spreuke 31 vrou.

Saam het hulle 'n belofte gemaak wat hulle tot vandag toe gestand hou: *"Ek en my huis, ons sal die Here dien."*



Kopiereg voorbehou